

KINDERKERK LES: 5.Om op Jesus alleen te vertrou

Doel van les:

- Hierdie week gaan kinders leer dat ons 'n keuse het. Ons kan kies om die pad vir Jesus te stap of aan te hou sonde doen. Ook dat hierdie keuse gevolge het.

Ysbreker: Geskenkies: Sit 4 boksies neer op tafel.

- Een moet pragtig oorgetrek wees - binnekant moet koekie krummels wees.
- Een gaan netjies oorgetrek wees - binnekant is 'n koekie met 'n hap uitgevat.
- Een gaan met bruinpapier oorgetrek wees - binnekant is 'n gewone koekie.
- Een gaan net met wit papier oorgetrek wees wat op gekrap is - binnekant is 'n koekie met lekker sjokolade op.

Sê: In elkeen van hierdie geskenkies, is iets om te eet. Watter een dink julle moet ons eerste oopmaak?

(Hoor watter een die kinders voorstel. Meeste behoort die mooi oorgetrekte boks voor te stel. Hy is ook die een wat jy eerste wil oopmaak.)

Maak mooi boks oop. **Sê:** Ai julle dis nou nie die lekker koekie wat ek gedink het binne sal wees nie.

Vra vir hulle watter boks moet julle volgende oopmaak. Volgende moet jy die netjiese pakkie oopmaak. Soos jy oopmaak praat oor hoe netjies dit lyk en wanneer jy die gehapte koekie uithaal sê hoe jammer jy nou is oor hierdie koekie, want jy gaan dit nie wil eet nie.

Volgende maak die boksie oop wat oorgetrek is met bruin papier. **Sê** hoe jy nie die pakkie heel eerste sou kies nie, maar dat daar tog 'n hele koekie binne was wat jy wel sal eet.

Maak die laaste boksie oop. Terwyl jy oopmaak, praat oor hoe die boks glad nie mooi is nie en sommer op gekrap is. **Sê** hoe jy nie kan dink dat daar iets lekkers binne kan wees nie. Soos jy die koekie uithaal maak 'n groot ophef en sê dat hierdie eintlik die beste koekie is van al die boksies. Jy sou gedink het die beste koekie sou in die mooiste boksie gewees het.

Vra: Het julle ook gedink die beste koekie sou in die mooiste boksie gewees het? Wat het ons geleer van die boksies? (partykeer kom mooi dinge in verpak in goed wat nie te mooi aan die buitekant is nie.)

Weet julle dat Jesus ook nie heeltemaal was wat mense gedink het nie?

Party mense het gedink Jesus gaan wees soos 'n koning. (Wys prentjie van 'n kroon) Hulle het gedink Hy gaan baie mooi klere dra en in 'n paleis bly.

Ander het gedink Hy gaan soos 'n soldaat wees. (Wys prentjie van soldaat) Hulle het gedink Hy gaan met 'n groot swaard kom en 'n weermag by Hom hê en dat Hy gaan kom oorlog maak en wen.

Maar Jesus was nie so nie. Hy het nie aarde toe gekom as 'n koning nie - al is Hy die Koning van alle konings. Hy het aarde toe gekom as 'n babatjie (wys prentjie van krippie).

Toe Hy grootgeraak het, was Hy nie soos 'n soldaat nie, maar soos 'n vriend. (Wys prentjie van Jesus saam met kinders) Hy wou met mense gesels en hulle leer en wou hê mense moet Hom leer ken.

Uiteindelik het Hy dan ook al ons sondes op Hom gedra aan die kruis soos ons geleer het verlede week met al daardie boeke wat ons vasgehou het. Niemand het ooit kon dink dat dinge so sou uitdraai nie.

Ons weet dat Jesus vir ons sondes gesterf het aan die kruis. Kom ons gesels nou oor wat ons moet doen.

Illustrasie: Jou keuse

Kry twee plakkate. Heel bo op een skryf jy Jesus met 'n kruis. Op die ander een dood en maak x. Plak altwee teen muur vas. Maak 'n pad op altwee. Die een pad lei na Jesus en die ander een na die dood. Plak met wit papier die Jesus en plak die dood toe met swart papier. Altwee die paadjies moet binnekant geplak wees met wit en swart papier.

Sê: Elke dag kies ons. Ons kan Jesus kies of ons kan kies om sonde te doen. Wat gebeur as ek nie omgee oor om sonde doen nie? Ek doen my eie ding en kies nie om te doen wat Jesus sê nie? Dan gaan ek by hierdie paadjie af - begin swart papiertjies af te trek. Ek wil nie Jesus ken of Hom volg nie? Haal al die plakkertjies af todat die woord dood met x oop is. As ek kies om so te lewe, kom ek uiteindelik uit by 'n plek genaamd die hel waar ek vir altyd weg van God af gaan wees en nie die hemel gaan sien nie.

Kom ons kyk wat gebeur as ek die ander pad stap. Ek kies om my hartjie vir Jesus te gee. Ek kies om na Jesus te luister en te doen wat Hy vir my sê. (Begin wit papiertjies af te trek.) Wanneer ek die regte pad stap en probeer nie verkeerde dinge doen nie. Waar kom ons dan uit? Trek laaste papiertjies af. Dan eindig ek by Jesus op in die hemel.

Sê: Tannie het gekies om by die paadjie af te stap wat lei na Jesus en die hemel. Ek wil hê julle moet bietjie dink oor watter pad julle vandag stap.

Sluit af met gebed in groepe.



